

NAG

'n Eenakter

deur

HAROLD PINTER

1969

Afrikaanse vertaling deur STEPHANIE VAN NIEKERK

Kopiereg en opvoerregte berus by:
stephanie.wordcraft@gmail.com

NAG

deur

HAROLD PINTER

In Afrikaans vertaal deur STEPHANIE VAN NIEKERK

- MAN: Ek praat van die keer by die rivier.
- VROU: Watter keer?
- MAN: Die eerste keer. Op die brug. Dit het op die brug begin.
Pouse
- VROU: Ek kan nie onthou nie.
- MAN: Op die brug. Ons het gestop en afgekyk na die rivier. Dit was nag. Die ligte het gebrand. Ons was alleen. Ons het rivier-op gekyk. Ek het my hand op die ronding van jou maag gesit. Onthou jy nie? Ek het my hand onder jou jas ingesteeek.
Pouse
- VROU: Was dit winter?
- MAN: Natuurlik was dit winter. Dis toe ons ontmoet het. Die eerste keer toe ons saam gaan stap het. Jy moet dit tog onthou.
- VROU: Ek onthou dat ek gaan stap het. Ek onthou ons het saam gaan stap.
- MAN: Die eerste keer? Ons eerste wandeling?
- VROU: Ja, natuurlik onthou ek dit. (*Pouse.*) Ons het met 'n paadjie afgestap, deur 'n heining tot in 'n grasveld. Ons het tot in die hoek van die kampie geloop en by die heining gaan staan.
- MAN: Nee. Ons het op die brug gestaan.
Pouse.
- VROU: Dit was iemand anders.
- MAN: Nonsens.
- VROU: Dit was 'n ander meisie.
- MAN: Dit was jare gelede. Jy't net vergeet. (*Pouse.*) Ek onthou die lig op die water.

VROU: Ons het by die heining gestaan en jy't my gesig in jou hande geneem. Jy was baie sag, jy was baie versigtig. Jy het omgee. Jou oë het op my gesig gebly. Ek het gewonder wie jy is. Ek het gewonder wat jy dink. Ek het gewonder wat jy sou doen.

MAN: Jy stem saam dat ons by 'n partytjie ontmoet het? Jy stem daarmee saam?

VROU: Wat was dit?

MAN: Wat?

VROU: Ek het gedink ek hoor 'n kind huil.

MAN: Daar was nie 'n geluid nie.

VROU: Ek het gedink dit was 'n kind, wat huil, wakker word.

MAN: Die huis is stil. (*Pouse.*) Dis baie laat. Hier sit ons. Ons behoort in die bed te wees. Ek moet vroeg opstaan. Ek het dinge om te doen. Hoekom stry jy?

VROU: Ek stry nie. Ek sal bed toe gaan. Ek het dinge om te doen. Ek moet more-oggend opstaan.

Pouse.

MAN: 'n Ou met die naam Beukes het die partytjie gegee. Jy't hom geken. Ek het hom al ontmoet. Ek het sy meisie geken. Ons het daar ontmoet. Jy het by die venster gestaan. Ek het vir jou geglimlag en tot my verbasing het jy terug geglimlag. Jy't van my gehou. Ek kon my oë nie glo nie. Jy't gedink ek's aantreklik. Jy't my later vertel. Jy't van my oë gehou.

VROU: Jy't van myne gehou. (*Pouse.*) Jy't aan my hand geraak. Jy het my gevra wie ek is, en wat ek is, en of ek besef dat jy besig is om aan my hand te raak, dat jou vingers aan my vingers raak, dat jou vingers besig is om op en af tussen myne te beweeg.

MAN: Nee. Ons het op die brug gestop. Ek het agter jou gestaan. Ek het my hand onder jou jas gesit, op die ronding van jou maag. Jy't my hand op jou gevoel.

Pouse.

VROU: Ons was by 'n partytjie. Wat Beukes gegee het. Jy het sy meisie geken. Sy het liefdevol na jou gekyk, asof sy wou sê dat jy haar liefling is. Dit het gelyk asof sy jou liefhet. Ek het nie. Ek het jou nie geken nie. Dit was 'n pragtige huis. By 'n rivier. Ek het jou vir my laat wag en my jas gaan haal. Jy't aangebied om my huistoe te vat. Ek het gedink jy was nogal hoflik, nogal galant, goedgemanierd, nogal sorgsaam. Ek het geweet jy wag, maar ek het my jas aangetrek en by die venster uitgekyk. Ek het afgekyk, oor die tuin na die rivier, en die lamplig op die water gesien. Toe het ek na jou toe gegaan en ons het in die paadjie afgeloop, deur die heining tot in die veld. Dit

moes 'n soort park gewees het. Later het ons op jou kar afgekom. Jy't my huistoe geneem.

Pouse.

MAN: Ek het aan jou borste geraak.

VROU: Waar?

MAN: Op die brug. Ek het jou borste gestreel.

VROU: Het jy?

MAN: Ek het agter jou gestaan.

VROU: Ek het gewonder of jy sou, of jy wou, of jy sou.

MAN: Ja.

VROU: Ek het gewonder hoe jy dit sou doen, of jy dit regtig wou doen.

MAN: Ek het my hande onder jou trui ingesit, jou bra losgemaak, jou borste gevoel.

VROU: 'n Ander aand, miskien. 'n Ander meisie.

MAN: Onthou jy nie my vingers teen jou vel nie?

VROU: Was hulle in jou hande? My borste? Heeltemal in jou hande?

MAN: Jy onthou nie my hande teen jou vel nie?

Pouse.

VROU: Jy het agter my gestaan?

MAN: Ja.

VROU: Maar my rug was teen die reling. Ek kon die reling voel ... agter my. Ons het met ons gesigte na mekaar toe gestaan. Ek het in jou oë gekyk. My jas was toegeknoop. Dit was koud.

MAN: Ek het jou jas oopgeknoop.

VROU: Dit was baie laat. En koud.

MAN: En toe het ons van die brug af weggeloopt met die sleeppad langs tot ons by 'n vullishoop gekom het.

VROU: En jy het my geneem en jy het my vertel dat jy op my verlief is, en jy het gesê dat jy altyd vir my sal sorg ... en jy't my vertel dat my stem en my oë, my dye, my borste, sonder gelyke is en dat jy my bemin, vir altyd.

MAN: Ja, ek het.

VROU: En jy bemin my steeds.

MAN: Ja.

VROU: En toe het ons kinders gehad en gesit en gepraat en jy het ander vrouens op brûe en sleppaie en vullishope onthou.

MAN: En jy het onthou van jou rug teen relings en mans wat jou hande vashou en in jou oë kyk.

VROU: Wat sag met my gepraat het.

MAN: En jou sagte stem wat in die nag sag met hulle praat.

VROU: En hulle het gesê ek sal jou altyd bemin.

MAN: Gesê ek sal jou altyd bemin.

DIE EINDE